Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Zane Isaacs**
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Zane.Isaacs@westerncape.gov.za | 021 467 2942

Lêerno.: 20/3/10/1/5
Verwysing: 20230322-2817

Eksamenadministrasieminuut: 0009/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike eksamensentrums

**Onderwerp: Oudit van openbare en onafhanklike eksamensentrums wat die Nasionale Senior Sertifikaat-/Senior Sertifikaat-eksamens in 2023 aanbied**

1. Ingevolge Regulasie 27(2) van die *Regulasies vir die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 37651 van 16 Mei 2014, "moet alle eksamensentrums deur 'n amptenaar van die assesseringsliggaam geëvalueer word om te verifieer dat die nodige geriewe wat vir die afneem van die eksamen vereis word, by die sentrum beskikbaar is".

2. Prinsipale moet jaarliks 'n selfevaluering indien deur die oudit van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) te voltooi waarin die eksamensentrum se gereedheid om die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-)/Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens aan te bied, uiteengesit word. Die ouditdokument moet elektronies voltooi word en kan op SOBIS onder die kieslys *Exams/Assessments, Exam centre audit instrument* gevind word.

3. Voordat prinsipale die ouditdokument vir 2023 voltooi, moet hulle eers op SOBIS alle aanbevelings en bekommernisse wat kringbestuurders, assesseringskoördineerders en die provinsiale ouditkoördineerder oor 2022 se voltooide ouditdokument geopper het, deurgaan. Die voorgenoemde sal leiding gee oor enige regstellings wat vereis word om te verseker dat die eksamensentrum ten volle aan die bewarings- en eksamensentrumvereistes van die Departement van Basiese Onderwys en die WKOD voldoen.

4. **Alle skole** wat die NSS-/SS-eksamens in 2023 aanbied, moet die elektroniese ouditdokument voltooi. Die sluitingsdatum vir die voltooiing van hierdie elektroniese ouditdokument is **Vrydag, 23 Junie 2023**.

5. Die voltooide elektroniese ouditdokument moet deur die prinsipaal en kringbestuurder op SOBIS afgeteken word.

6. Kringbestuurders moet verseker dat die ouditbevindinge onder die aandag van tersaaklike distriksamptenare gebring word om hierdie tekortkominge te hanteer.

7. Waar nienakoming of gedeeltelike nienakoming van die bogenoemde regulasies geïdentifiseer word, kan 'n skool se status as eksamensentrum vir die volle eksamentydperk of 'n gedeelte daarvan vir die huidige eksamentydperk deur die WKOD se Hoof van Eksamens opgeskort word.

8. In sodanige gevalle sal die WKOD die reg hê om beheer te neem van die verantwoordelikhede en bedrywighede van die eksamensentrum om te verseker dat die bogenoemde regulasies nagekom word.

9. Elke eksamensentrum moet 'n geldige gesondheids- en veiligheidsertifikaat en 'n dienssertifikaat vir brandbestrydingstoerusting oplaai.

10. Prinsipale en kringbestuurders word daaraan herinner dat die volgende vyf minimum veiligheidskriteria, bo en behalwe ander veiligheidsmaatreëls, by alle eksamensentrums in plek moet wees:

**10.1 'n Dubbele sluitstelsel, aangesien die beginsel van dubbele sluiting toegepas moet word.**
**10.2 Persone wat in beheer van die dubbelsluitstelsel se sleutels is, moet lede van die skoolbestuurspan wees.**
**10.3 'n Veiligheidswag moet beskikbaar wees om toegang tot die perseel gedurende die eksamentydperk te beheer.**
**10.4 Die eksamensentrum moet 'n brandkluis hê.**
**10.5 Die brandkluis moet genoeg plek hê sodat eksamenskryfbehoeftes daarin gebêre kan word.**

11. Amptenare van die WKOD sal skole kontak om 'n datum en tyd vir 'n ouditbesoek van die eksamensentrum te reël om die inligting wat deur die prinsipaal en kringbestuurders afgeteken is, te verifieer.

12. Die ouditbesoeke sal vanaf Junie tot September 2023 plaasvind.

13. Waar die eksamenreëls herhaaldelik oortree word, kan 'n sentrum sy status as eksamensentrum verbeur.

14. Leerders wat by onafhanklike skole geregistreer is, sal nie gesertifiseer word as die onafhanklike skool nie by Umalusi geakkrediteer is nie.

15. In 2022 het sommige skole noodfinansiering ontvang om veiligheidswagte, vir die veilige bewaring van die NSS-/SS-eksamenmateriaal in November, aan te stel. Geen bykomende fondse is vir 2023 beskikbaar nie. **Skole wat dus nie aan die vereistes vir 'n bergingslokaal** vir die NSS-eksamen in November voldoen nie, mag versoek word om óf 'n naburige skool as 'n bergingsfasiliteit te identifiseer, óf die hoofopsiener versoek om die eksamenmateriaal voor die aanvang van die eksamen by 'n aangewese bergingspunt af te haal.

16. Hierdie minuut moet saamgelees word met Eksamenadministrasieminuut 0006/2023 van 20 April 2023, (Norme en standaarde vir skool se kluis/brandkluis, en die hantering van die kluis/brandkluis se sleutels).

17. Die inhoud van hierdie minuut moet onder die aandag gebring word van alle personeellede wat vir die bestuur van die NSS-/SS-eksamens by skole in 2023 verantwoordelik is.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-04-24